

10 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-32

Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:2

Die sondeval het ons dieper getref as wat ons dink!

Die dwaalleraars wil graag glo dat die sondeval die mens nie só erg getref het nie, maar dat daar selfs ná die sondeval goeie hoedanighede in die mens oor was. Hulle het gesê: “Die geestelike gawes of goeie hoedanighede en deugde soos goedheid, heiligheid en regverdigheid kon nie deel van die wil van die mens wees toe hy in die begin geskep is nie. Daarom kan dit in die sondeval ook nie van die wil geskei word nie.” Die Sinode het hierdie leer verwerp, aangesien die mens volgens die Bybel as die beeld van God geskep is.

Volgens Efesiërs 4:24 (OAV) beteken dit dat die mens “in ware geregtigheid en heiligheid” geskape is. Albei hierdie eienskappe, bely ons, “setel sonder twyfel in die wil”. Waar daar dus voor die sondeval goedheid en heiligheid en regverdigheid in die wil van die mens was, is dit na die sondeval nie meer in die wil van die mens teenwoordig nie. Die sondeval het die beeld van God in die mens geskend.

Jesus het juis mens geword om ons van die sonde te verlos en om deur sy Gees God se beeld in ons te herstel, sodat goedheid en heiligheid en regverdigheid weer deel van ons wil kan wees. Alleen daarom kan ons ook 'n opdrag kry soos dié in vers 22-24: “Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.” Alleen omdat die Gees van God in my woon wil en kan ek ook vandag so leef!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~